Download more resources like this on ECOLEBOOKS.COM

NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT-EKSAMEN
NOVEMBER 2019

# VISUELE KUNSTE: VRAESTEL II

Tydtoekenning: Vanaf skool se aanvangsdatum tot die IEB se spertyd 100 punte

---

SPERDATUM: **10 Oktober 2019**

**INHOUD** **BLADSY**

| | |
|---|---|
| **Opsomming van Take en Punte** | **1** |
| **Die Eksamentema** | **2–10** |
| **Benadering tot hierdie Eksamen en die Bestuur van jou Kreatiewe proses** | **11–12** |
| **Eksamentake** | **13–17** |
| **Bronverwysingslys** | **18** |

ÉcoleBooks


**OPSOMMING VAN TAKE EN PUNTE**

| | | |
|---|---|---|
| **TAAK 1** | **Kreatiewe Proses: Visuele Joernaal** | **[20 punte]** |
| **TAAK 2** | **Kontekstuele Navorsing: Visuele Joernaal** | **[10 punte]** |
| **TAAK 3** | **Tekening** | **[35 punte]** |
| **TAAK 4** | **Kunswerk** | **[35 punte]** |
| **TAAK 5** | **Titels en Rasionale** | **[punte ingesluit in bogenoemde]** |
| **TAAK 6** | **Aanbieding** | **[punte ingesluit in bogenoemde]** |

**Hierdie take moet nie noodwendig as onverwante, aparte take beskou word nie, maar eerder as handelinge van 'n koherente, omvattende eksamenprojek wat gelyktydig uitgevoer word.**

IEB Copyright © 2019 

**DIE EKSAMENTEMA**




**'n Paar dinge om oor na te dink:**

**Marina Abromović het gesê: "Ons projekteer altyd in die toekoms in of dink na oor die verlede, maar is so min in die hede."**

Tussen die verlede en die toekoms is die **hede**. Dit is die **LIMINALE** ruimte. Dit is 'n **oorgangs**ruimte. Wanneer ons reg is, tree ons uit hierdie ruimte en in die toekoms in.

Hierdie ruimte word dikwels deur kunstenaars verken aangesien dit vol potensiaal is.

Liminale ruimtes:

- is dikwels op die **marges of grense** van ons lewens, wat hierdie posisie onduidelik kan laat voel en moeilik om te identifiseer en te definieer.
- kan as kragtig, magies, gevaarlik, verdag, geheimsinnig, gedagteryk en nuut gesien word.
- laat **transformasie** toe.
- is **deurgangsones** soos lughawens of spoorwegstasies waar mense van een plek na 'n ander beweeg. Dit is **ruimtes van voorbereiding** op die verandering van een stel reëls en beheermiddels na 'n ander.
- is ruimtes van spirituele of sosiale mag buite die normale strukture.
- is sones soos betwiste politieke grondgebiede, ongerepte natuur, konsentrasie-kampe, heiligdomme, kuslyne en kruispaaie.
- is **tussen**ruimtes wat gevul kan word met vrae en dispuut. Terwyl in dié ruimte, kan die dispuut nie geargumenteer word nie. Dit is 'n veilige ruimte. Kwessies kan net aangespreek word wanneer die persoon die ruimte verlaat het. Hulle doen dit deur te vertrek en aan te beweeg.

IEB Copyright © 2019
DOWNLOAD MORE RESOURCES LIKE THIS ON ECOLEBOOKS.COM

Download more resources like this on ECOLEBOOKS.COM



**Om mee te begin, lees die volgende vrae en skryf jou antwoorde in jou visuele joernaal neer.**

1. Hoe sluit jy aan by, of het jy in verlede by die idee van 'n **Liminale** ruimte aangesluit; waar kom jy vandaan, waar is jy nou en waarheen kan jy dalk van hierdie punt gaan? Oorweeg jou gedagtes omtrent die volgende:

   - Die posisie waarin jy jouself in jou lewe bevind.
   - Jou posisie in jou familie.
   - Jou posisie in jou sosiale groep.
   - Jou gedagtes oor die posisie van die land:
     - Histories
     - Sosiaal
     - Polities
     - Ekonomies en/of
     - Omgewings
   - Jou gedagtes oor die posisie van die wêreld:
     - Histories
     - Sosiaal
     - Polities
     - Ekonomies en/of
     - Omgewings

2. Wat voel jy is die positiewe of negatiewe aspekte van jou posisie tans?

3. Wat sien jy as die volgende stap uit hierdie ruimte uit?

ÉcoleBooks

IEB Copyright © 2019 

**Oorweeg die volgende voorbeelde wat Liminaliteit op 'n aantal wyses aanraak. Jy kan kies om slegs die voorbeelde wat tot jou spreek, te ondersoek. Skryf jou gedagtes rakende jou gekose voorbeelde in jou visuele joernaal neer.**

**1**



Marina Abramović

**The Artist is Present** (2010)
Uitvoering
MOMA
New York

Gebruik die skakel om hierdie werk te vind:

<http://bit.ly/IEB2019AbromovicImage>

Jy kan hierdie skakel gebruik om 'n video oor hierdie werk te kyk:

<http://bit.ly/IEB2019Abromovic>

Joego-Slawiese kunstenaar Marina Abramović verken die verhouding tussen kunstenaar en gehoor. Sy stel belang in die beperkinge van die liggaam en die moontlikhede van die verstand. In hierdie opvoering begewe sy haarself ten volle in die **gegewe oomblik** met elke lid van die publiek.

**2**

Gedig oor die **liminale** ruimte deur 'n Australiese digter, mentor en lewensafrigter, Christine McDougall.

*Liminal*
*The space between*
*Neither this, nor that Ripe,*
*potent, uncertain, shaky*
*A Downing, a Dusking ...*
*the imminent threshold*
*emerging crossing ...*
*to what? Slow down*
*The moment is calling you*
*to pay ... exquisite ... attention...*

IEB Copyright © 2019

DOWNLOAD MORE RESOURCES LIKE THIS ON ECOLEBOOKS.COM

Download more resources like this on ECOLEBOOKS.COM



**3**




Deborah Bell

***This is What I am Here For (Breathe Through Me)*** (2016)

Gemengde Media op Papier

172 × 235 cm

Gebruik hierdie skakel om 'n video oor hierdie kunstenaar se werk te kyk:

<http://bit.ly/IEB2019Bellvideo>

Gebruik hierdie skakel om hierdie werk te vind:

<http://bit.ly/IEB2019BellImage>

Deborah Bell is 'n Suid-Afrikaanse kunstenaar wie se werk verwysings van baie verskillende kulture saambring. Sy verken diep persoonlike en dikwels spirituele idees in haar werk. Die figure in haar werk is dikwels alleen, stil en kragtig. Hulle lyk dikwels of hulle op die **drumpel** wag of hulself gereed maak vir iets nuut; die volgende stap.

IEB Copyright © 2019 

**4**

Buhlebezwe Siwani

**Batsho Bancama** (2017)

Beeldhou-installasie (Groen seep, hars, emalje-houers, staal en roosblare

Dimensies veranderlik



Gebruik hierdie skakel om hierdie werk te vind:

<http://bit.ly/IEB2019SiwaniImage>

Gebruik hierdie skakel om meer oor hierdie kunstenaar te lees:

<http://bit.ly/IEB2019SiwaniInfo>

Buhlebezwe Siwani is 'n Suid-Afrikaanse kunstenaar en 'n tradisionele geneser wie se werk 'n kombinasie van 'n heilige ruimte met persoonlike nadenke op haar isiXhosa kultuur en die **liminale** rolle van vrouens binne hierdie kultuur verken. Die isiXhosa titel van hierdie vertaal as "Slegte Lewe".

Sy is ook een van die stigterslede van die iQhiya Collective, 'n groep wat gevorm is as 'n reaksie op die tekort aan geleenthede in die Suid-Afrikaanse kunswêreld vir vroulike swart kunstenaars.

**5**

John Pace

**After the Match** (2015)

Olie op seildoek

100 × 80 cm

Gebruik hierdie skakel om meer uit te vind:

<http://bit.ly/IEB2019PaceImage>



John Pace is 'n Suid-Afrikaanse kunstenaar wat die 2015 Sanlam Portrait Award met die portret van sy seun gewen het. Hierdie is 'n modderige en verslonsde uitbeelding van 'n preadolessente seun, reguit van die uitgereënde rugby. Hierdie beeld vang die **tussen**ruimte van ontwikkeling in 'n jong persoon tussen kindwees en die oorgang na tienerwees, vas.

IEB Copyright © 2019

DOWNLOAD MORE RESOURCES LIKE THIS ON ECOLEBOOKS.COM

Download more resources like this on ECOLEBOOKS.COM



6



Gebruik hierdie skakel om hierdie beeld te vind:

<http://bit.ly/IEB2019CruiseImage>

Wilma Cruise

**Between** (2015)

Keramiek figure en staal basisse

110 cm en 140 cm onderskeidelik

Wilma Cruise is 'n Suid-Afrikaanse kunstenaar wat vir haar diepsinnige figuur-beeldhouwerke bekend is.

In die beeldhouwerk ***Between*** plaas Cruise twee vereenvoudigde figure in verhouding tot mekaar.

Die wyse waarop hulle geplaas is en die kontras tussen die swart en wit figure skep 'n spanning **tussen** hulle en lei die kyker om te oorweeg wat die verhouding tussen die figure is.

IEB Copyright © 2019

**7**



Igshaan Adams

**When Dust Settles** (2018)

Installasie

Omheiningsdraad, krale, wit katoen gare, gesigdoekies, viniel en gebruikte en verslyte linoleum vloerpanele.

Standard Bank Kunsgalery

ÉcoleBooks

Gebruik hierdie skakel om meer oor hierdie kunstenaar te lees:

<http://bit.ly/IEB2019Adamscv>

Gebruik hierdie skakel om die video's oor die kunstenaar te kyk:

<http://bit.ly/IEB2019AdamsVideo1>

<http://bit.ly/IEB2019AdamsVideo2>

Igshaan Adams is 'n Suid-Afrikaanse kunstenaar wie se werk oor rasse, religieuse en seksuele **liminaliteit** handel. Hy is deur Christelike grootouers in 'n "kleurling" gemeenskap in apartheid grootgemaak. Hy is 'n liberale en praktiserende Moslem wat homoseksueel is. Sy kruisdissiplinêre, getekstueerde en simboliese werke is 'n deurlopende verkenning van die tussenruimtes waarin hy homself bevind as gevolg van sy kultuur, geloof en oriëntasie.

IEB Copyright © 2019
DOWNLOAD MORE RESOURCES LIKE THIS ON ECOLEBOOKS.COM

Download more resources like this on ECOLEBOOKS.COM



**8**



Mary Sibande

**A Reverse Retrograde: Scene 1 (The Purple shall Govern)** (2013)

Veselglas, viniel, metaal, geverfde hout, 100% katoen en poliëster

Lewensgrootte beeldhouwerk

Gebruik hierdie skakel om hierdie video oor die kunstenaar te kyk:

<http://bit.ly/IEB2019MSibandeVideo>

Mary Sibande is 'n Suid-Afrikaanse kunstenaar. Sy gebruik dikwels 'n alter ego om die **liminale** ruimte van haar werke te oorbrug, wat handel oor die terugeising van die swart vrou se liggaam in 'n postkoloniale en postapartheid Suid-Afrika.

In hierdie werk verwys die figuur in die Victoriaanse rok na haar ma en ouma wat huishoudelike werkers was. Die tweede figuur verteenwoordig Sibande self.

**9**




Banksy

***If we wash our hands of the conflict between the powerful and the powerless we side with the powerful – we don't remain neutral*** (2015)

Graffiti op die muur van 'n ruïne in die Gazastrook

Banksy is 'n berugte Graffiti-kunstenaar wie se werk dikwels kontroversieel is. Hierdie is 'n voorbeeld van sy graffiti in die oorlogverskeurde Gazastrook in die Midde-Ooste. Hy probeer duidelik gesprek en debat uitlok. Hierdie werk laat die kyker nie toe om gemaklik in die **middel**ruimte van **neutraliteit** te bly nie.

IEB Copyright © 2019 

**10**

Jeeyoung

Regs:
**Nightscape** (2012),

Inkstraal fotografiese drukwerk

Regs onder:

**Monsoon Season** (2011)

Inkstraal fotografiese drukwerk



Koreaanse kunstenaar Jeeyoung Lee skep verbeeldingryke ruimtes in haar kamergrootte studio wat **bonatuurlik** en evokatief is.

Jy kan hierdie skakel gebruik om hierdie werke en ander deur hierdie kunstenaar te sien en ook oor hierdie kunstenaar se werk te lees:

<http://bit.ly/IEB2019Jeeyoung>



IEB Copyright © 2019

DOWNLOAD MORE RESOURCES LIKE THIS ON ECOLEBOOKS.COM

Download more resources like this on ECOLEBOOKS.COM



**BENADERING TOT HIERDIE EKSAMEN EN DIE BESTUUR VAN JOU KREATIEWE PROSES**

Die bronne wat in hierdie eksamenvraestel verskaf word, oorweeg die idee van **liminaliteit, tussen**sones, gebiede van **oorgang** en idees wat hiermee verband hou.

In die gegewe voorbeelde verken die kunstenaars 'n verskeidenheid liminale ruimtes of kwessies. Hulle doen dit op 'n verskeidenheid maniere. Jy word aangemoedig om hierdie werke te verken en die skakels te volg om jou begrip van elke kunstenaar te bedoelings te verryk en dan jou eie konsep rondom hierdie tema te ontwikkel. Van hierdie inspirasie, word die volgende van jou vereis:

- 'n visuele joernaal
- 'n tekening
- 'n kunswerk
- 'n titel en rasionaal vir die tekening sowel as die kunswerk

**Betrokkenheid by Kuns en Visuele Kultuur**

Aan die einde van die eksamenprojek sal jy ten minste die werke van **ses** ander kunstenaars, wat in 'n soortgelyke dissipline werk as wat jy gekies het, **nagevors** het en na hul werk, wat soortgelyke of verwante kwessies soos joune weerspieël, verwys het. Hierdie navorsing moet in jou Visuele Joernaal getoon word. Jy moet verken hoe hierdie kunstenaars iets in jou eie denke laat vonk het en hoe hulle werk jou gehelp het om groter begrip te verkry in die skep van jou tekening en kunswerk.

**Denke as Doen: Gebruik jou Kreatiewe Proses om jou idees te ontwikkel en te verfyn**

**Dokumenteer** in jou Visuele Joernaal al die stappe van jou Kreatiewe Proses wat gelei het tot die aanbieding van jou tekening sowel as jou kunswerk. Jou navorsing en Kreatiewe Proses moet onmiddellik begin sodra jy hierdie eksamenvraestel ontvang en aanhou totdat jy jou werk op die sperdatum inhandig.

Alle take, op die volgende bladsye uiteengesit, is verpligtend; die volgorde waarin jy dit benader, moet egter deur jou eie idees en denkproses gelei word. Jy kan met die navorsing van kunstenaars se werk begin en daarna jou idees, persepsies en ervarings in jou Visuele Joernaal teken, of jy kan dadelik begin teken en toelaat dat jou kunswerk en navorsing uit die proses van teken voortspruit. Kreatiwiteit is sowel 'n **sikliese** as **lineêre** proses. Jy sal heen en weer moet beweeg, oorweeg wat jy tot dusver gedoen het en deurgaans jou prosesse en produkte herevalueer om jou respons op die eksamen tot 'n oortuigende vlak van diepte te ontwikkel.

## Assessering

Jou onderwyser het gedetailleerde assesseringsrubrieke met al die kriteria vir sukses in hierdie eksamen. Jy word aangeraai om met hierdie rubrieke vertroud te raak. Jou respons op die eksamen sal op die volgende drie, breë, dog interverwante kriteria geassesseer word:

1. **Jou vermoë om vaardig met jou gekose materiale en komposisiebeginsels te werk, d.w.s. vorm: Toon jou Tekening en jou Kunswerk dat jy die gekose dissipline(s) bemeester het, en neem dit die kyker op 'n estetiese reis?**

2. **Jou oorspronklike en kreatiewe denke, konsepte en die doelbewuste betekenisse soos deur jou werk ontgin, d.w.s. inhoud: Verken jou werk 'n interessante, relevante interpretasie van die tema op 'n gesofistikeerde vlak?**

3. **Bewys van taak-intensiteit, nuuskierigheid, deursettingsvermoë en toewyding in jou respons, sowel as jou vermoë om die beperkings van tyd en ruimte te hanteer, d.w.s. konteks: Oorkom jou werk die beperkings van ruimte en omstandighede op 'n gesofistikeerde manier? Jou Tekening en Finale Kunswerk behoort elk 4–6 weke te neem om te produseer, en hierdie hoeveelheid toewyding moet sigbaar wees. Jy moet dus nie net 'n suiwer konseptuele werk produseer wat vaardigheid of materialiteit afskeep nie.**

## Riglyne en Vereistes

ÉcoleBooks

Onthou: Jy mag op jou eie tyd aan jou **Visuele Joernaal-** en **Tekentake** buite die skool werk, maar die **Finale Kunswerk** mag nie van die skoolperseel verwyder word nie. Dit moet onder die onderwyser se toesig voltooi word.

Dit is jou verantwoordelikheid om hierdie **eksamenvraestel** en die **riglynboekie** deeglik deur te lees voordat jy met die projek begin. Bespreek die eksamenvraestel met jou onderwyser en jou klasmaats en neem dit saam met jou huis toe. Jy mag buite die skool se perseel aan Taak 1 tot 3 werk, maar nie aan die kunswerktaak nie. Die kunswerk (Taak 4) moet in geheel onder die toesig van 'n onderwyser gedoen word.

**LET WEL: Die volgende take is verpligtend maar hoef nie noodwendig in streng numeriese volgorde uitgevoer te word nie. Die proses van kreatiwiteit is organies en siklies eerder as sekwensieel en lineêr. Jy sal heen en weer moet beweeg, die verskillende stadiums moet oorweeg en heroorweeg om jou kreatiewe betrokkenheid in die eksamenopdrag te ontwikkel en te verdiep.**

IEB Copyright © 2019
DOWNLOAD MORE RESOURCES LIKE THIS ON ECOLEBOOKS.COM

Download more resources like this on ECOLEBOOKS.COM



## EKSAMENTAKE

## TAAK 1 KREATIEWE PROSES: VISUELE JOERNAAL [20 punte]

Dit is voorbereiding vir jou tekening en kunswerk. Dit is 'n rekord van jou response op die tema. Dokumenteer jou Kreatiewe Proses volledig in jou Visuele Joernaal.

### Kreatiewe Ontginning

- Gebruik die afbeeldings, tekste en idees op die vorige bladsye as vertrekpunte en stimuli terwyl jy al jou idees, gevoelens, sketse en afbeeldings in jou Visuele Joernaal aanteken.
- Noem jou belangstellings en doelstellings vir hierdie eksamen – maar wees ontvanklik en buigsaam. Jou doelwitte mag verskuif en verander namate jou Kreatiewe Proses ontwikkel.
- Sluit aanvanklike sketse en bronmateriaal in.
- Verskaf idees in jou eie woorde geskryf wat jou gedagtegang verduidelik vir die uitbeelding van jou gekose onderwerp(e) op die manier wat jy verkies.
- Toon dat jy vlot is in die vermoë om verskeie idees en moontlikhede te genereer, nie net een finale idee nie.
- Oorweeg versigtig hoe jy jou interpretasie van hierdie tema sal aanbied.
  - Sal jou benadering intiem en persoonlik wees, of in die openbaar en opsigtelik?
  - Sal jou tekening(e) en kunswerk(e) natuurlik, gestileerd of abstrak wees?
  - Kommunikeer 'n simboliese werk 'n dieper en diepsinniger waarheid as 'n natuurlike/fotografiese werk? Of is hulle albei selfs onderling uitsluitend?
  - Jou benadering kan letterlik, dit kan natuurlik, of dit kan meer simbolies of poëties wees. Wat maak jou kunswerk 'n kunswerk?
- Hersien, ontwikkel en brei jou eie visuele taal uit deur verder betrokke te raak by 'n sikliese Kreatiewe Proses ter voorbereiding van jou tekening en kunswerk.
- Wees buigsaam: Jou idees mag dalk verander het en verskil van jou aanvanklike intensies, planne en doelstellings.
- Gebruik woorde, sketse, visualiserings en tegniese eksperimente om jou kunswerk visueel te ontwikkel. Ondersoek moontlikhede!
- Jy moet besluit watter medium jy gaan betrek en nadink oor watter tegnieke en onderwerp jou intensies en interpretasie van die tema die beste sal pas. Neem wyse besluite en verduidelik jou besluite in jou Visuele Joernaal.
- Jy moet besluit watter tekens en simbole van die breër visuele kultuur jy sal betrek om jou werk betekenisvol te maak.
- Oorweeg die kunswerke wat jy alreeds in jou Praktiese Assesseringstaak (PAT) praktiese portefeulje voltooi het as deel van jou Kreatiewe Proses
- Jy word sterk aangeraai om vir hierdie eksamen met dieselfde kunsdissipline te werk as wat jy vir die PAT praktiese portefeulje gebruik het. (As jy beeldhoukuns in jou PAT-portefeulje gebruik het, behoort hierdie eksamenwerk ook 'n beeldhouwerk te wees.)
- Verduidelik die verband tussen jou PAT-portefeulje en jou oogmerke vir die eksamenprojek ten opsigte van jou formele en konseptuele kwessies. Dit is 'n belangrike deel vir die ontwikkeling van 'n persoonlike visuele taal.
- Verwys na die relevante afdeling in die uitvoerige riglyndokument vir gedetailleerde riglyne oor die Kreatiewe Proses.

IEB Copyright © 2019

## TAAK 2 KONTEKSTUELE NAVORSING: VISUELE JOERNAAL [10 punte]

**Navorsing is 'n belangrike deel van die proses om 'n suksesvolle kunswerk te skep**

- Vir elke taak moet jy as deel van jou Kreatiewe Proses minstens ses ander visuele kunstenaars se werk kies en navors wat jy inspirerend vind vir jou artistieke praktyk (doen navorsing oor ongeveer drie kunstenaars vir jou tekening en ongeveer drie ander vir jou kunswerk).
- Jy mag navorsing doen oor die werk van die kunstenaars wat in die gegewe bronne voorsien word of oor ander kunstenaars se werk navorsing doen.
- Terwyl jy navorsing doen, moet jy jou idees vir jou eie doelwitte en mikpunte vir hierdie eksamenprojek verfyn en aanpas.
- Produseer minstens een gedetailleerde visuele ontleding van minstens een werk deur die kunstenaar(s) wat jy gekies het. In jou ontleding moet jy na die tema verwys. Die ontleding moet in jou eie woorde wees. Vermy die kopieër-en-plak-gewoonte! Deur slegs uit 'n gesaghebbende bron te kopieer, dui op onvoldoende navorsing. Jy moet bewys van internalisering van jou navorsing toon.
- Erken al jou bronmateriaal deur die Harvard-verwysingstegniek te gebruik.
- Verduidelik waarom die kunswerke wat jy nagevors het van toepassing is op jou eie doelwitte en planne vir die eksamentekening- en -kunswerktake.
- Verwys na die toepaslike afdeling in die gedetailleerde riglyndokument vir gedetailleerde riglyne betreffende kontekstuele navorsing.
- Dokumenteer enige verdere kunswerke wat jou in jou Kreatiewe Proses inspireer.
- Jy mag vind dat jy navorsing moet doen oor ander gebied(e) van visuele kultuur en/of kennis.
- Kom enige van die kunstenaars, kunswerke of kennisgebiede wat jy nagevors het vir jou PAT-projekte ook in jou Visuele Joernaal vir hierdie eksamen voor? Indien wel, moet jy dit erken. Dit is 'n belangrike aspek in die ontwikkeling van jou eie persoonlike visuele taal.

ÉcoleBooks

IEB Copyright © 2019

DOWNLOAD MORE RESOURCES LIKE THIS ON ECOLEBOOKS.COM

Download more resources like this on ECOLEBOOKS.COM



## TAAK 3 TEKENING [35 punte]

- Produseer 'n reeks prosestekeninge vir uitstalling.

**OF**

- Produseer minstens een eindproduk-tekening vir uitstalling.
- Jou tekening behoort 4–6 weke te neem om te voltooi.
- Werk gelyktydig aan jou visuele joernaal en jou tekening.
- As jy die Prosestekening-opsie kies, moet jou tekeninge professioneel uitgestal word **en nie in die joernaal gelaat word nie**.

**Let wel: Jou tekening moet 'n tekening wees, ontwikkel uit 'n vorm van merke of skrape gemaak op 'n oppervlak op 'n hoofsaaklik droë wyse en nie 'n ander kunsvorm nie. As jy verkies om 'n tekening te maak wat nie aan hierdie begrip voldoen nie, moet jy jou motivering verduidelik en in jou Visuele Joernaal beskryf hoe jou werk as tekening gereken word. Die nalaat van sodanige verduideliking waar dit vereis word, sal noodwendig lei tot penalisering.**

**Hoe verstaan ons "tekening"?**

'n Tekening is 'n reeks relatief spontane merke op 'n oppervlak. 'n Akrielskildery is nie 'n tekening nie en 'n foto is nie 'n tekening nie – tensy jy volledig verduidelik hoe dit as sodanig beskou kan word. As jy 'n tekening voorlê wat nie in 'n tekenmedium is nie, moet jy motiveer hoe jou voorlegging konseptueel as 'n tekening beskou kan word. Teken is 'n belangrike vaardigheid om te bemeester: Abstrakte kunstenaar John Ruskin het gesê: "Teken is 'n manier om kennis te kommunikeer en te bekom." Dink versigtig na oor wat 'n tekening anders maak as 'n skildery of 'n beeldhouwerk of 'n foto. Oorweeg die redes hoekom teken so 'n belangrike deel van 'n kunstenaar se werkproses uitmaak.

**Vir gedetailleerde riglyne oor jou tekening sowel as 'n gedetailleerde verduideliking van die verskille tussen prosestekening en eindproduktekening, verwys na die toepaslike afdeling in die riglynboekie.**

## TAAK 4 KUNSWERK [35 punte]

- Produseer jou kunswerk vir uitstalling nadat jy jou kunsdissipline vir die eksamen gekies het.
- Jy mag nie aan jou kunswerk werk sonder toesig van jou onderwyser nie.

**NB: Fotografiekandidate**: Alle fotografie-skote moet deur jou, die kandidaat, gedoen word en nie deur iemand anders nie. As jy die onderwerp van jou eie foto's is, moet jy bewys lewer dat **jy** jou eie foto's opgestel het en nie iemand anders nie. As 'n assistent gebruik word om foto's **van jou** te neem, moet dit in die Visuele Joernaal erken word. Gebruik 'n plaasvervanger-model om in jou plek vir die skoot te poseer terwyl jy elke skoot opstel en op kamerastellings besluit. **Jy moet die addisionele beplanningskote wat jy vooraf geneem het in jou Visuele Joernaal insluit** om te bewys dat die tegniese komposisie en skote **jou** besluitneming en werk is en nie dié van die persoon wat die foto neem of enigiemand anders nie. Geen professionele fotograaf of ander persoon mag foto's namens jou opstel en neem nie.

**Vir gedetailleerde riglyne oor jou kunswerk, verwys na die toepaslike afdelings in die riglynboekie.**

ÉcoleBooks

IEB Copyright © 2019
DOWNLOAD MORE RESOURCES LIKE THIS ON ECOLEBOOKS.COM

Download more resources like this on ECOLEBOOKS.COM



## TAAK 5 TITELS EN RASIONALE

- Skep 'n toepaslike en interessante titel vir SOWEL jou tekening(e) AS jou kunswerk(e).
- Tik en druk twee aparte rasionale van nie meer as 150–200 woorde elk nie.
- Vertoon jou rasionale, titels en eksamennommer langs jou tekening en jou kunswerk.

## TAAK 6 AANBIEDING

Jou tekening en jou kunswerk moet so professioneel as moontlik uitgestal word. Benoem jou tekening(e) en jou kunswerk as volg:

| |
|---|
| *Naam*<br>*Eksamennommer*<br>*<u>Titel</u>*<br>*Eksamentekening/*<br>*Eksamenkunswerk* |

**SIEN DIE MEEGAANDE BOEKIE VIR GEDETAILLEERDE RIGLYNE OOR SPESIFIEKE DISSIPLINES.**

ÉcoleBooks

## BRONVERWYSINGSLYS


1. VIAD FADA – Visual Identities in Art and Design Research Centre, Faculty of Art, Design and Architecture, Universiteit van Johannesburg, 2011. *Space, Ritual, Absence: The Liminal in South African Art curated by James Sey in collaboration with VIAD.* [AANLYN] Beskikbaar by: <https://www.viad.co.za/space-ritual-absence-3> [Toegang verkry op 15 November 2018].
2. Museum of Modern Art New York: *Marina Abramović: The Artist Is Present 2010, Organized by Klaus Biesenbach, Chief Curator at Large, The Museum of Modern Art, and Director, PS1 Contemporary Art Center.* [AANLYN] Beskikbaar by: <https://www.moma.org/calendar/exhibitions/964>. [Accessed 17 November 2018].
3. Everard Read London. *Deborah Bell – Dreams of Immortality: Blood and Gold*. 2016. [AANLYN] Beskikbaar by: <https://www.everardlondon.com/exhibition/14>. [Toegang verkry op 4 Januarie 2019].
4. Christine Mc Dougal. Liminal Space Poem. 2010. [AANLYN] Beskikbaar by: <https://za.pinterest.com/pin/350999364703276893>. [Toegang verkry op 20 November 2018].
5. Art Africa – *Buhlebezwe Siwani: Liminal spaces*, 2016. [AANLYN] Beskikbaar by: <http://artafricamagazine.org/buhlebezwe-siwani-liminal-spaces>. [Toegang verkry op 15 November 2018].
6. Sanlam. 2015*. Sanlam Portrait Award 2015 Winner Announced*. [AANLYN] Beskikbaar by:<https://www.sanlam.co.za/mediacentre/media-category/media-releases/John%20Pace%20Wins%20Sanlam%20Portrait%20Award%202015>. [Toegang verkry op 19 November 2018].
7. Creative Feel – *Sanlam Portrait Award 2017 Top 40 Exhibition*, 2018. [AANLYN] Beskikbaar by: <https://creativefeel.co.za/2018/01/sanlam-portrait-award-2017-top-40-exhibition>. [Toegang verkry op 19 November 2018].
8. University of Pretoria – *The Princess in the Veld: Curating Liminality in Contemporary South African Female Art Production, curated by Delaida Adele Adendorff*. [AANLYN] Beskikbaar by: <https://repository.up.ac.za/handle/2263/63007>. [Toegang verkry op 15 November 2018].
9. Courney Drusdale. 2018*. Uncanny Nostalgia: Igshaan Adams' 'When Dust Settles'* – ArtThrob. [AANLYN] Beskikbaar by: <https://artthrob.co.za/2018/07/10/uncanny-nostalgia- igshaan-adams-when-the-dust-settles>. [Toegang verkry op 17 November 2018].
10. Blank. 2018. *Igshaan Adams CV and Bio*. [AANLYN] Beskikbaar by: <http://www.blankprojects.com/ cv-and-bio/igshaan-adams>. [Toegang verkry op 17 November 2018].
11. South African History – SAHO – *Mary Sibande Biography*, 2018. [AANLYN] Beskikbaar by: <https://www.sahistory.org.za/people/mary-sibande>. [Toegang verkry op 19 November 2018].
12. The British Museum – *A Revered Retrograde* – 2017. [AANLYN] Beskikbaar by: <https://britishmuseum.tumblr.com/post/151475978007/a-reversed-retrogress> [Toegang verkry op 19 November 2018].
13. Kurt Kohlstedt. 2015. *Gaza Strip Graffiti: Artist Banksy Tunnels Back Into Palestine*. Web Urbanist: Architecture, Art, Design and Built Environment. [AANLYN] Beskikbaar by: <https://weburbanist.com/2015/02/28/gaza-strip-graffiti-artist-banksy-tunnels-back-into-palestine>. [Toegang verkry op 20 November 2018].
14. Nina Azzarello. 2016. *Jeeyoung lee handcrafts intricate and imaginative landscapes in her room-sized studio*. Designboom. [AANLYN] Beskikbaar by: <https://www.designboom.com/art/jeeyoung-lee-interview-installation-03-23-2016/>. [Toegang verkry op 15 November 2018].


IEB Copyright © 2019

DOWNLOAD MORE RESOURCES LIKE THIS ON ECOLEBOOKS.COM